

Sakkie Parsons E-Pos Bediening

Webtuiste. www.sakkieparsons.co.za

E-pos: sparsons@absamail.co.za

Sel: 083 457 6669

Vinkel en koljander, die een is vir my so erg soos die ander.

Iemand het my 'n paar vrae oor die Oak/Nak, of dan die ou en nuwe apostels gevra.

Hier is dan hoe ek persoonlik hulle sien en belewe het.

Hulle sal vir jou vertel dat hulle nie dieselfde leer verkondig nie maar vir my is albei maar dieselfde “gravy,” die een is net 'n ander sousie. Om dit anders te stel vir my is dit vinkel en koljander, die een is vir my so erg soos die ander.

As jy lees van die verstommende magte wat die sogenaamde stamapostel en sy “chronies” hulleself toe-eien, sal jy ook, soos toe ek die eerste keer met hulle te doen gekry het, jou hande van stomme verbasing saamslaan.

Na my mening is natuurlik een van hulle grootste dwalings, dat net die apostel die Heilige Gees kan uitstort.

Soos ek dit sien, is dit om jousef hier op aarde aan die Almagtige God gelyk te stel.

Want, net God kan Sy Heilige Gees uitstort, geen mens nie, ook

nie die amp van die Apostel nie. Dit moet baie duidelik gestel word dat die Heilige Gees nie 'n gawe is wat onderhewig is aan die handoplegging van 'n apostel nie. Dit is 'n regstreekse gawe van God

Let op in wat jy nou gaan lees.

Petrus was nog besig om te praat en hulle almal was verbaas, toe gebeur het, wat gebeur het.

HAN 10:44 En toe Petrus nog besig was om hierdie woorde te spreek, het die Heilige Gees op almal geval wat die woord gehoor het.

HAN 10:45 En die gelowiges uit die besnydenis, almal wat saam met Petrus gekom het, was verbaas dat die gawe van die Heilige Gees ook op die heidene uitgestort is.

Nêrens gee of Jesus of een van sy apostels die uitdruklike opdrag om die Heilige Gees deur middel van handoplegging aan die mens te skenk nie. Dit het gebeur, of dit het nie gebeur nie, soos wat die Heilige Gees dit wou.

Die Heilige Gees en ek sê dit met die nodige respek, is nie 'n werktuig of iets, wat ek kan optel en gebruik, of neersit soos die nuk my pak nie. Die Heilige Gees is God Almagtig, wat handel soos Hy wil, en wat oordeel soos Hy wil en gawes uitdeel soos Hy wil.

IKOR 12:4 Daar is wel verskeidenheid van genadegawes, maar dit is dieselfde Gees;

IKOR 12:5 en daar is verskeidenheid van bedieninge, en tog is dit dieselfde Here;

IKOR 12:6 en daar is verskeidenheid van werkinge, en tog is dit dieselfde God wat alles in almal werk.

Vervolgens

GEEN mens kan die ewige lewe aan iemand anders gee nie. Hierdie mense gee dit sommer vir die afgestorwenes ook. Om die waarheid te sê, die mense bemoei hulle gereeld met die dooies, al lees ons in die Woord.

LEV 20:27 En as daar in 'n man of vrou 'n gees van 'n afgestorwene is of 'n gees wat waarsê, moet hulle sekerlik gedood word. Hulle moet gestenig word. Hulle bloedskuld is op hulle.

In 'n nuwer vertaling lees hierdie gedeelte so.

27. " 'n Man of 'n vrou wat sê hulle praat met die geeste van dooies moet julle met klippe doodgooi, want hulle het die doodstraf oor hulleself gebring."

As ook.

DEU 18:9 As jy kom in die land wat die HERE jou God jou sal gee, moet jy nie leer om volgens die gruwels van daardie nasies te doen nie.

DEU 18:10 Daar mag niemand by jou gevind word wat sy seun of sy dogter deur die vuur laat deurga—wat met waarsêery, goëlery of met verklaring van voortekens of towery omgaan nie,

DEU 18:11 of wat met besweringe omgaan, of wat 'n gees van 'n afgestorwene vra of 'n gees wat waarsê, of wat die dooies raadpleeg nie.

DEU 18:12 Want elkeen wat hierdie dinge doen, is vir die HERE 'n gruwel; ...

Geen mens met watter stas ook al kan as middelaar tussen God en mens staan nie. Daar is maar een middelaar.

Tog sê hierdie mense se apostels deur hulle optredes, dat ons is verkeerd, al staan daar geskryf.

1TIM 2:5 Want daar is een God en een Middelaar tussen God en die mense, die mens Christus Jesus,

1TIM 2:6 wat Homself gegee het as 'n losprys vir almal, as die getuienis op die regte tyd,

Jesus en Hy alleen gee ons toegang tot ons Here.

JHN 14:6 Jesus antwoord hom: Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie.

Die wederkoms het ook glo volgens hierdie mense reeds plaasgevind - in my oë maak so 'n stelling Jesus uit as 'n leuenaar. Hy sê duidelik dat almal op aarde sal weet as Hy Sy verskyning gemaak het. **Mat 24:27** "Want soos weerlig uit die ooste uitslaan en tot in die weste skyn, so sal ook die koms van die Seun van die mens wees." **Open 1:7** - "Kyk, Hy kom met die wolke, en elke oog sal Hom sien, ook hulle wat Hom deurstek het, en al die geslagte van die aarde sal oor Hom rou bedryf ..."

Hoe lyk die verlede van die OAK, of dan die ou apostels en die NAK, of dan die nuwe apostels in Suid-Afrika?

Twee apostels kry stry.

'n Hofsaak volg en op 21 Desember 1926, as ek dit nou reg het, bewerkstellig die een apostel die stigting van die Oak.

Vanwaar ek staan en kyk, het 'n hof in Suid-Afrika besluit oor die voortbestaan van die NAK en die stigting van die Oak in Suid-Afrika.

Besluit nou maar vir jousef, of hierdie twee (sogenaamde kerke) hulle bestaansreg in Suid-Afrika gebou het, op die uitspraak van 'n hof, of op die Rots Jesus

Vervolgens wil ek net iets sê oor die goddelike status wat die apostels in hierdie sogenaamde (kerke) geniet.

Hy kan 'n mens verlos, hy mag jou oordeel, hy kan jou sondes vergewe, kortom, hy is die "poort" tot saligheid. Terwyl Jesus sê.

JHN 14:6 Jesus antwoord hom: Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie.

Kom ons kyk 'n bietjie hoe vergelyk die siening wat die apostels van die Oak en die Nak van hulleself het, met die siening wat die apostels van Jesus van hulleself het. Paulus skryf by geleentheid van homself.

EFE 3:8 Aan my, die geringste van al die heiliges, is hierdie genade gegee om onder die heidene die evangelie van die onnaspeurlike rykdom van Christus te verkondig,

Toe ek die eerste keer hoor wat hierdie manne hulleself toe-eien, kon ek, 'n gewone sterfling, terwyl my mond behoorlik oopgeval en ek my hande in die gees van stomme verbasing saam geslaan het, my toevlug maar weer na die Woord neem en onthou dat daar geskryf staan.

HEB 7:24 maar Hy, omdat Hy vir ewig bly, besit 'n priesterskap wat nie op ander oorgaan nie.

HEB 7:25 Daarom kan Hy ook volkome red die wat deur Hom tot God gaan, omdat Hy altyd leef om vir hulle in te tree.

HEB 7:26 Want so 'n hoëpriester was vir ons gepas, een wat heilig, onskuldig, onbesmet, afgeskeie van die sondaars is, en wat hoër as die hemele geword het;

Ek pleit by jou.

Voordat jy dit selfs net oorweeg om na hierdie mense te gaan luister, onthou wat my groot held Paulus onder die leiding van die Heilige Gees geskryf het.

GAL 1:8 Maar al sou ons of 'n engel uit die hemel julle 'n evangelie verkondig in stryd met die wat ons julle verkondig het, laat hom 'n vervloeking wees!

GAL 1:9 Soos ons vantevore gesê het, sê ek nou ook weer: As iemand julle 'n evangelie verkondig in stryd met die wat julle ontvang het, laat hom 'n vervloeking wees!

Omdat ek graag wil hê dat jy weer hierdie gedeelte uit die Woord lees, kwoteer ek nou ook vir jou 'n nuwer vertaling.

GAL 1:8 Nou sê ek vir julle: julle het die boodskap oor Christus gehoor wat ek vir julle gebring het. Al sou wie ook al, selfs ek of 'n engel uit die hemel, vir julle kom sê daar is 'n ander manier om gered te word—mag God hom dan straf.

GAL 1:9 Dit is iets wat ek vantevore al vir julle gesê het, maar ek wil dit weer sê: as iemand vir julle kom sê daar is 'n ander manier om gered te word en dit verskil van die boodskap wat julle reeds aanvaar het, mag God hom straf.

Judas 1:24-25 *Aan Hom nou wat magtig is om julle vir struikeling te bewaar en julle sonder gebrek voor sy heerlikheid te stel met gejuig, 25. aan die alleenwyse God, ons Verlosser, kom toe heerlikheid en majesteit, krag en mag, nou tot in alle ewigheid! Amen.*

Groete
Sakkie

Indien u hierdie e-pos lees en wel gereelde e-pos van my wil ontvang, stuur asseblief u volle e-pos adres in die "subject box" na sparsons@absamail.co.za

Moet asseblief nie 'n leë e-pos stuur nie.

Aangesien ek blind is en gebruik maak van 'n sagteware program waar die rekenaar met my praat, sal ek nie weet of dit 'n foto of leë e-pos is wat ek ontvang nie. In albei gevalle sal my rekenaar net stil bly.